# DIE REPATRIASIE VAN DIE EBO-4: DIE LOKALISERING EN OPGRAWING VAN DIE GRAFTE VAN VIER SUID-AFRIKAANSE SOLDATE IN DIE EBO-DISTRIK, KWANZA SUL, ANGOLA, 1975–2012

**Willem Boshoff**[1]

***Abstract***

*The final phase of the history of Operation Savannah, the 1975–1976 South African military involvement in Angola dawned when remains of three of the four South African soldiers who were left in Angola, were repatriated during June 2012. The graves of the deceased, the Ebo-4, were found in 2006 and locals who were involved in the burials confirmed the veracity of the sites and the events. After years of research and negotiations, a team made up of relatives, members of the Ebo Trust and a professional team of archaeologists and a forensic anthropologist left for Ebo in May 2012. The excavations were abruptly terminated by the Angolan authorities and the team had to leave Angola, only to be invited back to Angola two weeks later. Remains of three individuals were located in one grave and excavated, while a second grave site yielded no mortal remains. The mortal remains were interred in niches at the SADF Wall of Remembrance at the Voortrekker Monument on 8 July 2012.*

**Keywords:** South African Defence Force; Operation Savannah; Angola; Ebo; repatriation; Ebo-4; Ebo Trust; excavations; mortal remains; Niël Lombard; Keith Williamson; Eric Thompson; Danie Taljaard.

**Sleutelwoorde:** Suid-Afrikaanse Weermag; Operasie Savannah; Angola; Ebo; repatriasie; Ebo-4; Ebo-Trust; opgrawings; stoflike oorskot; Niël Lombard; Keith Williamson; Eric Thompson; Danie Taljaard.

## 1. INLEIDING

Die finale terugkeer uit Angola van die laaste Suid-Afrikaanse soldate wat aan Operasie Savannah (1975–1976) deelgeneem het, het in die tydperk vanaf 4 tot14 Junie 2012 eers werklik plaasgevind. Dit was tydens die soektog na vier, en die uiteindelike opgrawing en repatriasie van drie van die vier soldate wat op 23 en 25 November 1975 in die omgewing van Ebo in Angola gesterf het. Hulle lyke is destyds nie na Suid-Afrika teruggeneem nie.

1 Professor, Departement Bybelse en Antieke Studie, Universiteit van Suid-Afrika. E-posadres: boshows@unisa.ac.za. Hierdie artikel is gebaseer op ’n aanbieding wat op 21 Julie 2012 in Pretoria op die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Kultuurgeskiedenis gedoen is. Die outeur was ’n lid van die professionele span wat aan die opgrawings van die oorskot van die Ebo-4 deelgeneem het.

Operasie Savannah het teen die einde van September 1975 op ’n baie beperkte skaal begin (Spies 1989:76–82) en met die finale onttrekking van Suid-Afrikaanse soldate uit Angola op 27 Maart 1976 geëindig (Spies 1989:289). Opleidingshulp is sedert Julie 1975 aan die FNLA verleen. Die oogmerk was aanvanklik om aan Unita en die FNLA die geleentheid te bied om op 11 November 1975 ’n rol te speel by die onafhanklikheidsverklaring van Angola (Spies 1989:66). Die MPLA het in daardie stadium buitelandse militêre hulp van Rusland en Kuba ontvang (Spies 1989:66, 79). Afrika was verdeeld in sy steun aan die bevrydingsorganisasies, in so ’n mate dat ’n staking van stemme oor die saak tydens die Organisasie van Afrika-eenheid (OAE) se vergadering op 11 Januarie 1976 in Addis Abeba, Ethiopië, aangeteken is (Spies 1989:256).

## 2. DIE EBO-4

71259428BC Kavalleris Niël Lombard[2] van 1 Spesiale Diensbataljon, ’n boorling van Riebeeck-Wes, is op Sondag 23 November 1975 net noord van Ebo dood. Hy was die bestuurder van ’n pantserkar wat in ’n hinderlaag digby die brug oor die Massabarivier deur MPLA en die Kubaanse magte raakgeskiet is.[3] Die pantserkar het die pad verlaat en op sy sy in die Massabarivier beland. Lombard is op slag dood. Sy liggaam en die pantserkar is nooit herwin nie. Die troepbevelvoerder, 2 lt. Johan du Toit, en sy kanonnier, kpl. Jakkals van der Merwe, was ongedeerd (Spies 1989:185, 307). Lombard se lot het eers teen die laatmiddag van 24 November bekend geraak, nadat Du Toit en Van der Merwe op Cela aangekom het. Spies (1989:190) berig:

> “Daar is dadelik beplan om sy lyk te gaan haal. Die vliegtuig wat die middag oor die gebied gevlieg het, het egter gevind dat die vyand baie bedrywig was by die brug. Daar moes toe van verdere pogings om die lyk te herwin, afgesien word en die middag van Dinsdag 25 November 1975 is die hoofkwartier van 101 Taakmag daarvan verwittig.”

Die vliegtuig wat gebruik is om vas te stel dat Lombard se oorskot nie herwin kon word nie, was instrumenteel in die dood van die ander drie lede van die Ebo-4.

In hierdie verband berig Spies (1989:194) soos volg:

> “Op 25 November 1975 het ’n groot terugslag die Taakmag getref toe tweede luitenant Williamson nie van ’n verkenningsvlug teruggekeer het nie. By hom was tweede luitenant E.B. Thompson, wat voorligting verskaf het en kapt. D.J. Taljaard, ’n leëroffisier wat saamgevlieg het om die operasionele gebied beter te leer ken. Op 27 November 1975 is in ’n vyandelike radio-uitsending gemeld dat ’n vliegtuig met drie bemanningslede noord van

2 Spies (1989: 185) verwys na Neil Lombaard. In ’n volmag wat sy broer, Leon Lombard, op 7 Augustus 2006 onderteken het, verwys hy na sy broer as Niël Lombard. Ek gebruik die spelling soos die familie dit gebruik.

3 Spies (1989:184-185) en Du Preez (1989:135-136) verwys na die Mabassarivier. ’n Ondersoek ter plaatse in die Ebo-distrik het aan die lig gebring dat dit die Massabarivier is (Van Zyl 2006). Alle daaropvolgende verslae praat van die Massabarivier.

> Ebo afgeskiet is. Drie maande later het ’n korrespondent van die *London Times* beweer dat hy die wrak van ’n geallieerde vliegtuig noord van Ebo gesien het.”

70527999PE Tweede luitenant Keith Williamson van 11 Eskader was die vlieënier van die Cessna 185-verkenningsvliegtuig wat gedurende die vorige dae inligting ingewin en vyandelike posisies aangedui het (Spies 1989:189, 190, 308).

771225163PM Tweede luitenant Eric Bryan Thompson, ook van 11 Eskader, was die medevlieënier wat by Williamson sou oorneem nadat laasgenoemde sy operasionele diens voltooi het. Williamson en Thompson was boesemvriende wat saam as vlieëniers opgelei is (Spies 1989:194, 308; Martin Thompson, persoonlike mededeling). Williamson het die lugskakeloffisier by 1 Lugkomponent, kmdt. SP Perold, versoek om Thompson op die vlug saam te neem. Die versoek is toegestaan (Perold 1979).

012575109PE Kaptein Danie Taljaard van 8 SA Infanteriebataljon (Spies 1989:308), het pas tevore in die operasionele gebied aangekom en het saamgevlieg om hom ten opsigte van die gebied te oriënteer (Schalkwyk 1979; Erasmus 1979).

Die lot wat die stoflike oorskot van hierdie vier soldate te beurt geval het, was nie aan hulle makkers of hulle families bekend nie. Slegs Lombard se familie is formeel van sy dood ingelig op grond van die getuienis van 2 lt. Du Toit en kpl. Van der Merwe. Vir die Willamson-, Thompson- en Taljaard-families is bloot gesê dat hulle vliegtuig in operasionele omstandighede vermis geraak het.

Hierdie artikel handel nie oor die militêre aspekte van Operasie Savannah nie. Die geskiedenis van Operasie Savannah is in besonderhede deur FJ duT Spies (1989) te boek gestel en deur Sophia du Preez (1989) gepopulariseer. Die artikel handel oor ’n proses wat meer as dertig jaar ná die gebeure, oor ’n periode van meer as ses jaar gestrek het, vanaf September 2005 tot in Julie 2012, waartydens die grafte uitgewys en gelokaliseer is. Die proses om amptelike toestemming te verkry om die opgrawings te gaan doen en die daaropvolgende projekte om dit reg te kry, word gedokumenteer. Die deurvoer van onafgehandelde sake wat uit die tyd van Operasie Savannah dateer en in besonder die afsluiting van drie dekades se onsekerheid vir die families van die Ebo-4, word in hierdie artikel toegelig.

## 3. REPATRIASIE VOLGENS DIE GENEEFSE KONVENSIE

Die belang van die families van gesneuwelde soldate by die finale besluit oor die oorskot van die gesneuweldes, weeg baie swaar in die internasionale humanitêre reg. In die afdeling oor vermiste en gestorwe persone, laat die *Protocols additional to the Geneva Conventions of 12 August 1949* (International Committee of the Red Cross 1977:25) geen twyfel hieroor nie:

> Section III Missing and dead persons. Article 32 – General principle
>
> “In the implementation of this section, the activities of the High Contracting Parties, of the Parties to the conflict and of the international humanitarian organizations mentioned in the

> Conventions and in this Protocol *shall be prompted mainly by the right of families to know the fate of their relatives*(my kursivering)”.[4]

In die omvattende handboek *Customary International Humanitarian Law* (JM Henckaerts & L Doswald-Beck(reds), *et al*., 2005a:411) word die saak soos volg uitgestippel:

> “Parties to the conflict must endeavour to facilitate the return of the remains of the deceased upon request of the party to which they belong or *upon the request of their next of kin*. They must return their personal effects to them (my kursivering)”.[5]

In die begeleidende bundel waarin voorbeelde uit die praktyk gelys word, blyk dit dat sowel die Verenigde Nasies as die Internasionale Konferensie van die Rooikruis tussen 1973 en 1999 resolusies aanvaar het waarin strydende partye daartoe opgeroep word “to facilitate the disinterment and the return of remains, if requested by their families” (Henckaerts & Doswald-Beck(reds), *et al*. 2005b:2686–2687).[6]

Die projek om die Ebo-4 se oorskot te repatrieer moet in die lig van die internasionale reg, die families se aandrang dat dit moes gebeur en ander onlangse gebeure in Suid-Afrika en internasionaal beskou word. Die praktiese implikasies van die tema van opgrawing en repatriasie van stoflike oorskot is uitvoerig deur Renshaw (2011) en Fforde (reds), *et al*., (2002) onder die loep geneem.

Internasionale gevalle van die repatriasie van menslike oorskot wat onlangs in die nuus was, is dié van Omrane Ben Kilani Mokaddemi, wat in April 1988 in Israel dood is en gedurende April 2012 via Libanon na Tunisië, sy land van

4 Die algemene beginsel word in Artikel 34 “Remains of the deceased” in besonderhede uitgewerk (International Committee of the Red Cross 1977:26). Die volgende besonderhede word gestipuleer:

1. “The remains of persons who have died for reasons related to occupation or in detention resulting from occupation or hostilities and those of persons not nationals of the country in which they have died as a result of hostilities shall be respected, maintained and marked as provided for in Article 130 of the Fourth Convention, where their remains or gravesites would not receive more favourable consideration under the Convention and this Protocol.
2. As soon as circumstances and the relations between the adverse Parties permit, the High Contracting Parties in whose territories graves and, as the case may be, other locations of the remains of persons who have died as a result of hostilities or during occupation or in detention are situated, shall conclude agreements in order:
    (a) to facilitate access to the gravesites by relatives of deceased and by representatives of official grave registration services and to regulate the practical arrangements for such access;
    (b) to protect and maintain such gravesites permanently;
    (c) to facilitate the return of the remains of the deceased and of personal effect to the home country upon its request or, unless that country objects, upon the request of the next of kin.”

5 Volume I. Rules. Chapter 35: The Dead. Rule 114, p. 411.

6 Volume II. Practice. Part 2. Chapter 35: The Dead. C. Return of the remains and personal effects of the dead: Return of the remains of the dead. III. Practice of International Organisations and Conferences. United Nations #279, p. 2686. International Conferences #282-#283, p. 2687.

herkoms, gerepatrieer is (TAP News Agency: 6 April 2012; TAP News Agency: 9 April 2012); die repatriasie van die oorskot van 200 Irakese en 43 Iranese soldate gedurende Desember 2008 wat in die 1980-1988-oorlog tussen Irak en Iran gesterf het (International Committee of the Red Cross 2008); die stelselmatige repatriasie uit Serwië van die oorskot van 729 Kosovo Albaniërs, wat tussen 1992 en 1995 oorlede is en wat tussen 2001 en 2002 opgegrawe is (International Commission on Missing Persons 2006) en die repatriasie van die oorskot van een Israeli en 40 Libanese soldate op 25 Junie 1998 (International Committee of the Red Cross 1998).

Nader aan die huis was daar onlangs in Suid-Afrika en Namibië ook enkele opspraakwekkende gevalle van die repatriasie van menslike oorskot. Nie al die gevalle het met situasies van konflik te doen gehad nie, maar is tog noemenswaardig: die terugkeer van die oorskot van Saartjie Baartman gedurende 2002, nadat sy die land lewend in 1810, op pad na Londen verlaat het (Davie 2012); die opgrawing en repatriasie van Johnny Makhathini, ’n ANC-kader wat in Desember 1988 in Lusaka gesterf het en gedurende Februarie 2010 gerepatrieer is (Nkoana-Mashabane 2010), die sage van die repatriasie van Herero- en Nama-skedels wat na die uitwissingsoorlog tussen 1904 en 1908 uit Duits-Suidwes-Afrika (tans Namibië) na Duitsland geneem is en wat op 5 Oktober 2011 in Namibië terugontvang is (Sasman 2011; Pohamba 2011) en die terugkeer van die oorskot van Klaas en Trooi Pienaar uit Oostenryk gedurende Mei 2012, nadat hulle oorskot in 1909 verwyder is (Mabhongo 2012;Eckard 2012).

## 4. AO1 (AFT) ROWLAND C MEDLIN SE NAVORSING OOR OPERASIE SAVANNAH

AO1 (aft). Rowland Cleghorne (Rowley) Medlin het ’n groot rol gespeel om die presiese posisie van die grafte van die Ebo-4 op te spoor. Medlin was na sy aftrede ’n amateurnavorser in militêre geskiedenis. Hy het self aan Operasie Savannah deelgeneem en het ’n dagboek van sy ervarings gehou (Medlin 1975). Medlin is besonder geïnteresseerd in die geskiedenis van Operasie Savannah en hy het oudsoldate wat aan hierdie militêre operasie deelgeneem het, gevra om inligting oor hulle ervaringe hieroor aan hom te verskaf.

Gedurende September 2005 het Christo Taljaard, ’n broer van kapt. DJ (Tallies) Taljaard, Medlin versoek om die graf van sy broer en die twee vlieëniers, Williamson en Thompson, te probeer opspoor (Medlin 2006b). Die versoek het ’n wending aan Medlin se navorsing gegee wat hom tot sy dood op 5 Desember 2011 sou besig hou. Hy het begin om alle moontlike leidrade op te volg en het met behulp van oudkollegas, kundiges en medewerkers alle inligting oor die laaste noodlottige vlug van Willamson se Cessna 185, waarin kapt. Taljaard ’n passasier was, te versamel.

Medlin het beplan om ’n boek oor die lot van die Ebo-4 te skryf en het met entoesiasme gehore oor die tema “Missing, presumed dead” toegespreek. Sy aanbiedinge is gebruik om die saak bekend te stel en om fondse vir die repatriasie van die vier in te samel. Hy het ten nouste met Karl Muller vanuit Kanada en Henk van Zyl, wat toe op Waku Kungo in Angola was, saamgewerk. Hulle het kaarte nagegaan, inligting versamel en leidrade opgevolg om te probeer vasstel presies waar die vliegtuig geval het en waar Niël Lombard begrawe is (Muller 2012).

Medlin het op groot skaal van die Internet gebruik gemaak om belangstellendes en kundiges op te spoor. Voorts het hy briewe aan’n verskeidenheid hooggeplaastes geskryf om hulle samewerking te versoek.[7] Sy onvermoeide ywer het op 11 Julie 2006 daartoe gelei dat een van sy medewerkers, Henk van Zyl, wat op daardie stadium in Waku Kungo (voorheen Santa Comba) gewoon en gewerk het, Ebo besoek het. Tydens die besoek is Van Zyl na die plek geneem waar die Cessna geval het en is die plek van die graf aan hom uitgewys. Later is hy ook geneem na die plek waar Niël Lombard na bewering begrawe is. Van Zyl is egter nie toegelaat om foto’s van die grafte of GPS-koördinate te neem nie (Van Zyl 2006).Medlin se toegewyde pogings en die omvang van sy netwerk om die grafte op te spoor, blyk uit ’n jubelende paragraaf in sy aankondiging dat die grafte gevind is (Medlin 2006b):

> “GOOD NEWS!!!! It has taken 320 days with 687 incoming e-mail messages, 11 letters, 5 parcel posts countless telephone calls (some of them from as far away as London, Atlanta, Cuba, Dakar, Dubai, Australia as well as numerous places throughout Africa, using a pool of 520 ‘Old Boys Net’ (Not all were used,) about 45 interviews and about 25 visits to government archives and museums, THE GRAVES HAVE BEEN Found OFFICIALLY. (*sic*).”

Meer presiese koördinate is voorsien deur Jerry W Logan, die operasionele koördineerder in die kantoor van die Amerikaanse militêre attaché in Luanda. Hy het die GPS-koördinate van die volgende sleutelpunte vir die projek in Augustus 2007 aan Medlin voorsien: die uitgewysde plek van Niël Lombard se graf, die plek waar die vliegtuig geval het, die beton telefoonpaal waar ’n mens uit die Ebo-Condé-pad na die vliegtuig-grafterrein uitdraai en die houtbrug oor die Massaba-rivier. Hy het ook foto’s van die verskillende plekke aan Medlin voorsien (Logan 2007). In ’n brief aan die minister van verdediging, MGP Lekota, het Medlin reeds op 13 Maart 2007 die dringendheid van die saak beklemtoon en aangedui

7 In ’n brief (Medlin 2006c) aan die minister van verdediging, MGP Lekota (gedateer 24 September 2006), verskaf Medlin ’n lys van die briewe wat hy tussen 29 Maart en 28 Augustus 2006 aan hooggeplaastes in Angola en Suid-Afrika geskryf het. Dit sluit in die Angolese ambassadeur in Suid-Afrika (29 Maart 2006), die goewerneur van die Kwanza Sul-provinsie in Angola (8 Mei 2006), die administrateur van die Ebo-distrik in Angola (Mei 2006), die konsulêre afdeling van die departement buitelandse sake van Suid-Afrika (13 Julie 2006), die hoof van die Suid-Afrikaanse Lugmag (12 Julie 2006) en die hoof van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (28 Augustus 2006).

dat die doeldatum vir die opgrawings en die repatriasie van die oorskot op 11 April 2007 gestel is. In hierdie korrespondensie is dr. Gerhard Koornhof, LP, ook ingesluit in die hoop om groter betrokkenheid uit politieke kringe te bewerkstellig (Medlin 2007). Dit was die eerste van etlike sperdatums wat nie gehaal is nie en die moeisame onderhandelinge met die departement van verdediging, was die voorspel tot verskeie verdere pogings om hoë staatsamptenare en politici se steun vir die proses te verkry.

Medlin se styl van kommunikasie was informeel en gemoedelik en nie almal was daarmee gediend nie. Die behoefte aan ’n meer amptelike en formele struktuur wat die reëlings na ’n volgende vlak kon neem, het algaande sterker geword.

## 5. DIE EBO-TRUST WORD GESTIG OM ONDERHANDELINGE VERDER TE VOER, 2007–2011

Rowley Medlin het gedurende 2007 met genl.-maj. GJ (Gert) Opperman, as hoof uitvoerende beampte van die Erfenisstigting, in gesprek getree. Die doel was om alle onderhandelinge met Suid-Afrikaanse en Angolese staatsdepartemente en belanghebbende lede van die kabinet, politici en amptenare op ’n hoë vlak te koördineer. Vir hierdie taak was die Erfenisstigting uitnemend geskik. Dit het egter byna onmiddellik geblyk dat die behoefte bestaan dat ’n afsonderlike en onafhanklike entiteit tot stand moes kom. Die geld wat reeds deur Medlin ingesamel is, moes aangevul en in trust geplaas word. Die eerste briewe uit Opperman se kantoor, gerig aan minister MGP Lekota (Opperman 2007b) en die verdedigingsattaché van Angola (Opperman 2007b), het reeds gewag gemaak van die te stigte Ebo-trust. In hierdie briewe is gepleit om ondersteuning, sodat die opgrawings voor die aanvang van die somerreën in 2007 (dus voor November 2007) of, op die laatste, gedurende 2008 kon plaasvind (Opperman 2007a; Opperman 2007b). ’n Konsepbrief, gerig aan die Angolese minister van verdediging en waarin uitgestippel word dat die Erfenisstigting en die Ebo-trust onafhanklik, maar met die steun van die Suid-Afrikaanse regering optree, is aan die SA minister van verdediging voorgelê, met die hoop dat dit die proses sou kon bespoedig. Ook in hierdie geval het die hoop dat die projek spoedig afgehandel sou kon word, beskaam.

Teen hierdie tyd het Opperman begin om ’n professionele span saam te stel met die oog op die opgrawing, identifikasie en repatriasie van die Ebo-4 se oorskot. Prof. WS (Willem) Boshoff, ’n argeoloog verbonde aan Unisa en wat voorheen by ’n argeologiese projek van die Erfenisstigting betrokke was, is gedurende Julie 2007 genader. Daarop is die Forensiese Antropologie Navorsingsentrum (FARC) van die Universiteit van Pretoria om bystand genader. Prof. Maryna Steyn en mnr. Coen Nienaber het ook by die projek betrokke geraak. Op 30 Oktober 2007 is ’n projekvoorstel ingedien wat die voorbereidings vir die opgrawings toegelig het.

Besondere klem is geplaas op die wetlike vereistes en implikasies wat die proses beide in Suid-Afrika en in Angola sou kon hê (Steyn, Nienaber, Meiring 2007).

Op 17 Oktober 2007 het die Ebo-trust sy beslag gekry. Die eerste drie trustees was Gerrit Opperman, Rowland Medlin en Martin Thompson(die broer van Eric Thompson), een van die Ebo-4. Die verantwoordelikhede is soos volg ingedeel: GN Opperman: voorsitter, owerheidskakeling en eksterne kommunikasie; RC Medlin: navorsing en fondsinsameling en MJ Thompson: verteenwoordiger van en skakeling met die naasbestaandes van die gestorwenes (Ebo-trust 2007a). Tydens die tweede vergadering is waardering wat uitgespreek is deur dr. Gerhard Koornhof, LP, en mnr. M Schalekamp oor hoe die projek bestuur word, genotuleer. Hulle het hulle hernude steun beloof. Koornhof het vanweë ander verwikkelinge aanbeveel dat die projek so vinnig as moontlik afgehandel moes word. Voorts is die projekvoorstel van die professionele span aanvaar (Ebo-trust 2007b). Dit was vir die Ebo-trust sowel as die projekspan 'n hoë prioriteit om die projek af te handel, maar die vereiste is deurgaans gestel dat daar nougeset aan alle wetlike vereistes voldoen moes word (Nienaber 2008; Steyn 2009).

Die vyf jaar vanaf Oktober 2007 tot September 2011 was vir alle belanghebbendes frustrerend. Positiewe tekens vroeg in 2008 het die hoop op spoedige afhandeling van die projek laat opvlam, maar ook gevaarligte laat flikker. Genl. Opperman het die Angolese verdedigingsattaché, lt.-genl. FJ da Rosa, op 28 Januarie 2008 ontmoet en verneem dat die repatriasie van alle Suid-Afrikaners wat in Angola begrawe lê deur die ministers van verdediging van die twee lande bespreek is, en dat dit in beginsel goedgekeur is. Die verdedigingsattaché het gepleit dat die families van die Ebo-4 nie moedeloos moes raak weens die stadige proses nie. Dit sou voortaan hulle prioriteit geniet (Opperman 2008a). Die saak is vervolgens deur die Ebo-trust met die kantoor van die minister van verdediging en die konsulêre afdeling van die departement buitelandse sake opgeneem (Opperman 2008a). Op 14 April 2008 adviseer S Kruis van die dept. buitelandse sake dat alle dokumentasie oor die Ebo-4 aan die Suid-Afrikaanse ambassade in Luanda oorhandig word om beginselgoedkeuring van die betrokke staatsdepartemente te verkry, en om van die owerhede vas te stel wat die presiese prosedures is wat in hierdie verband gevolg moes word (Kruis 2008). Later blyk dit uit telefoongesprekke dat die kommunikasie mondeling aan die Angolese oorgedra is en nie skriftelik nie (Opperman 2008c).

'n Gebrek aan terugvoer of tekens van vordering vanaf die departement van verdediging het daartoe gelei dat kommunikasie met dié departement opgeskort is en vervolgens slegs met die departement van buitelandse sake geskakel sou word (Opperman 2008b). Teen 21 Augustus 2008 was daar geen verdere vordering nie. Binne die Ebo-trust is die verskillende rolle van die trustees herbevestig om oorvleueling en frustrasie te voorkom, terwyl 'n verskeidenheid nuwe gespreksgenote

geraadpleeg is (Opperman 2008e). Dit het duidelik geword dat die proses uitgestel sou moes word tot 2009, met geen duidelike aanduidings dat alle hindernisse oorkom is nie. Die fokus is nou op verdere fondsinsameling geplaas. Op 17 November 2008 ontvang die Ebo-trust voorwaardelike belastingvrystelling van die SAID en teen 25 November 2008 staan die banksaldo plus beloftes op ongeveer R76 000 (Opperman 2008e).

Terwille van ’n beter begrip van omstandighede het genl. Gert Opperman as voorsitter van die Ebo-trust Angola van 27 tot 30 September 2008 besoek. Die belangrikste nuwe insigte was moontlik die besef dat verdere onderhandelinge op ’n regering-tot-regeringsvlak gevoer moes word; dat sleutelpersone geïdentifiseer moes word wat die proses sou kon bespoedig deur persoonlik betrokke te raak; en dat heelwat geld nog ingesamel moes word voordat die projek afgehandel sou kon word (Opperman 2008d). ’n Direkte gevolg was twee briewe aan sleutelpersone in Angola (die hoof van die Angolese Weermag en die direkteur-generaal van die Angolese departement van buitelandse sake) (Opperman 2008e).

Die nuwe insigte wat op die ondersoek gevolg het, het aan die begin van 2009 nuwe energie losgemaak. Die departement van buitelandse sake is voortdurend op die hoogte van alle ontwikkelinge gehou, met die hoop dat die ambassade in Luanda alle nodige vereistes wat die Angolese owerhede kon stel aan die Ebo-trust sou kommunikeer. Ene genl. Faceira, wat in 1975 in bevel van die Ebo-distrik was, het Suid-Afrika besoek en op versoek van genl. Ndalo (“die nommer twee-man in Angola”) het hy die repatriasie van die Ebo-4 op 23 Januarie 2009 met genl. Opperman bespreek. Betrokke by die gesprek was genl. Jannie Geldenhuys, genl.-maj. Marius Oelschig, wat as tolk opgetree het en mnr. Alec de Wit, ’n besigheidsman met bande met Ndalo en Faceira. Die Angolese het die mening uitgespreek dat die opgrawings en repatriasie gou kon plaasvind, maar Opperman het gemeen dat Mei–Junie 2009 ’n meer realistiese doeldatum was. In ’n brief aan amptenare van buitelandse sake stel Opperman die voorwaarde ondubbelsinnig: “The approval to proceed from the Angolan authorities is however crucial, before the rest of the activities can be scheduled” (Opperman 2009b). Dit is ’n refrein wat regdeur alle korrespondensie weerklink, deels as gevolg van Nienaber van die professionele span se aandrang op grond van vroeëre ervaring met sulke sensitiewe projekte. In Mei 2009 rapporteer Oelschig dat die Angolese owerhede by monde van genl. Faceira aangedui het dat hulle vrywaringsbriewe van alle Suid-Afrikaanse betrokkenes vereis, wat die Angolese regering sou vrywaar “sou daar enige voorval/ongeluk voorkom waarin lede van die SA span gedood of beseer word (bv. met ’n ou landmyn) tydens die verwydering van die oorskot van die vier SA weermagslede” (Oelschig 2009). Al die lede van die projekspan het die voorwaarde aanvaar.

In April 2009 het die Ebo-trust dr. Matthews Phosa as tesourier-generaal van die ANC en as lid van die party se Nasionale Uitvoerende Komitee genader met die versoek dat die ANC op party-tot-party-vlak hulle invloed moes gebruik om MPLA-steun vir die opgrawing en repatriasie van die Ebo-4 te verkry. ’n Persoonlike gesprek op 2 April tussen Opperman en Phosa tydens die ontmoeting van ANC-leiers met Afrikaner-verteenwoordigers is op 7 April deur ’n brief opgevolg waarin gewag gemaak word van die beter verhoudinge tussen Suid-Afrika en Angola ná die verkiesing van mnr. Jacob Zuma as president. Ook in hierdie korrespondensie is klem gelê op die feit dat die Ebo-trust in alle opsigte wou voldoen aan Suid-Afrikaanse wetgewing, asook alle internasionale en Angolese protokols. Die nodige internasionale dokumentasie van toestemming was in elk geval ’n voorwaarde vir die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron Agentskap (SAEHA), alvorens hulle ’n permit vir die projek sou uitreik (Opperman 2009c). Die korrespondensie met Phosa is op 2 Junie 2009 opgevolg deur ’n brief aan pres. Jacob Zuma, waarin hy versoek is om sy persoonlike invloed te gebruik om die Ebo-projek te bespoedig. In die brief is die vertroue uitgespreek dat die opgrawingsprojek nog teen die middel van Julie 2009 sou kon plaasvind (Opperman 2009d). Zuma het op 19 Augustus 2009 op ’n staatsbesoek aan Angola vertrek en het voor sy vertrek by monde van dr. Pieter Mulder, die adjunkminister van landbou, laat weet dat hy die saak van die Ebo-4 met sy Angolese ampsgenoot, pres. Dos Santos, sou opneem (Opperman 2009h). Op 31 Augustus 2009 ontvang Opperman terugvoer dat die twee presidente die saak bespreek het, dat pres. Dos Santos die saak goedgesind is, dat die gesprek waarskynlik noodsaaklik was vir die vordering in die projek en dat pres. Zuma die dokumentasie op daardie dag aan ’n minister sou oorhandig wat vir die logistieke reëlings verantwoordelik sou wees (Göttert 2009). Op 4 September 2009 is die departement van internasionale betrekkinge en samewerking (voorheen buitelandse sake) in die lig van die president se besoek aan Angola, dringend versoek om weer met die Angolese owerhede te skakel, sodat die projek nog voor die reënseisoen (vóór Oktober/November 2009) afgehandel kon word (Opperman 2009i). Ontvangs van die dringende versoek is erken (Geldenhuys 2009).

Vroeg in Januarie 2009 is ’n hernude fondsinsamelingsprojek geloods, met ’n bedrag van net meer as R100 000 wat reeds geïn was. Potensiële donateurs is ingelig oor die beplanning vir ’n gedenkakker wat op die terrein van die Voortrekkermonument opgerig sou word en waar die oorskot na opgrawing geplaas sou word (Opperman 2009a). Op 3 Junie 2009 is die vorige brief opgevolg en die vordering wat intussen gemaak is, uitgestippel. Die beskikbare bedrag het intussen tot R113 000 gegroei, maar die geprojekteerde koste het steeds gestyg, hoewel ’n akkurate begroting steeds nie moontlik was nie. Dit sou eers gedoen kon word wanneer dit duidelik was watter logistiese vereistes die Angolese owerhede sou stel. ’n Interessante ontwikkeling in dié tyd was die aankondiging dat die gedenkakker

deel sou vorm van ’n Muur van Herinnering wat op die Voortrekkermonument Erfenisterrein beplan is. Opperman dui egter aan dat die familie van Niël Lombard versoek het dat sy oorskot in ’n gedenktuin in Riebeeck-Wes geplaas moet word (Opperman 2009e). Intussen is twee gedenksteentjies gemaak wat op die plek van die grafte geplaas sou word, maar dit kon uiteindelik nie gebruik word nie. Die datum wat vir die opgrawings aangedui is, was Julie/Augustus 2009 en die spertyd is ook nie gehaal nie (Opperman 2009g). Planne vir die Muur van Herinnering het vinnig vorm aangeneem en daar is besluit om vier nisse met die name van die Ebo-4 as deel van die Muur van Herinnering te ontwerp, hoewel Niël Lombard nie daar te ruste gelê sou word nie.

Planne is vervolgens gemaak om “die yster te smee terwyl dit nog warm is” na pres. Zuma se besoek aan Angola. Voorlopige besprekings is gemaak vir die periode 30 September tot 9 Oktober 2009. Nienaber was besonder bekommerd oor die tydsbestek om alle permitaansoeke deurgevoer te kry (Nienaber 2009). Op 17 September 2009 ontvang genl. Opperman ’n boodskap van pres. Zuma waarin hy bevestig dat hy die saak van die Ebo-4 aan die minister van internasionale betrekkinge en samewerking oorhandig het en dat hy opdrag gegee het dat die departement, in samewerking met die Angolese ambassade, moet voortgaan met alle reëlings op grond van die feit dat albei presidente die projek goedgekeur het. Opperman was steeds hoopvol dat die projek wel sou kon voortgaan en selfs afgehandel sou kon word voor die amptelike opening van die Muur van Herinnering wat vir 25 Oktober 2009 beplan is (Opperman 2009j). Hy kanselleer egter die reëlings wat getref is op 18 September weens ’n gebrek aan terugvoer van die Angolese owerhede en die gebrek aan optrede vanuit die kantoor van die betrokke minister (Opperman 2009k).

Die erns van die saak is in ’n persoonlike brief van die voorsitter van die Ebo-trust aan pres. Jacob Zuma uitgestippel. Die gebrek aan rigtinggewende reaksie uit die departement van internasionale betrekkinge en samewerking, is voorgehou (Opperman 2010a). In ’n begeleidende nota aan die professionele span en naasbestaandes blyk dit dat die geduld min raak (Opperman 2010b). Op 29 Maart 2010 vra mnr. E Edries, hoof van personeel in die kantoor van die betrokke minister, om verskoning vir die burokratiese vertragings rondom die Ebo-projek en gee die versekering dat die saak dringende aandag sal geniet, omdat die president hom reeds positief oor die saak uitgespreek het (Edries 2010). Die versekering het egter tot geen resultate gelei nie. Op 9 September 2010 rapporteer Opperman soos volg aan ’n wye groep belanghebbendes:

> “Soos u weet sloer die kwessie van die opgrawing en repatriasie van die Ebo Vier nou reeds jare lank en het ek uit radeloosheid die punt bereik dat baie sterk standpunt ingeneem moes word. Dit sou selfs moontlik gewees het om ons op die howe te beroep ten einde ’n bevel mandamus teen die betrokke politici en amptenare te bekom om ’n besluit te neem oor die saak (ons het trouens reeds ’n aanbieding gekry van regsgeleerdes wat bereid is om

> kosteloos namens die Ebo Trust in hierdie verband op te tree), maar ek was/is van mening dat ons dit eers as heel laaste opsie moet oorweeg, agv die negatiewe effek wat dit op verskeie ander terreine kan hê" (Opperman 2010c).

In dieselfde skrywe haal Opperman 'n boodskap aan van die adjunkminister van landbou, dr. Pieter Mulder, wat hom by die saak betrek het. Mulder verwoord sy indruk dat die betrokke departement 'n politieke probleem het met die Ebo-projek, omdat daar ook talle swartmense in Angola dood is, terwyl die Ebo-trust slegs aan sommige se oorskot wil aandag gee. Mulder se reaksie was dat die Ebo-projek 'n familie-gedrewe projek is wat nie op 'n politieke vlak beoordeel behoort te word nie. Volgens Mulder het die president bloot reageer deur te sê dat die saak nou reeds te lank sloer en dat dit afgehandel moes word. Volgens die minister het sy nie die detail van die saak gehad nie. Mulder het onderneem om dit aan haar te besorg (Opperman 2010c). Op 8 November 2010 skryf Opperman as voorsitter van die Ebo-trust 'n brief aan die betrokke departement waarin hy daarop wys dat die nodige inligting reeds by verskeie geleenthede aan die departement voorsien is, dat die nodige fondse reeds geïn is en dat die Ebo-trust daartoe verbind is om aan alle wetlike vereistes te voldoen. Op grond daarvan versoek hy haar om dringend aan die saak aandag te gee, ook omdat die Angolese owerhede daarop wag en die SAEHA-permit afhanklik is van die Angolese toestemming (Opperman 2010d).

Nog 'n nuwe jaar het aangebreek sonder dat die proses voltooi is. Op 22 Januarie 2011 rapporteer Mulder dat hy die Ebo-projek tydens 'n kabinet lekgotla met adjunkminister Fransman van die departement internasionale betrekkinge en samewerking bespreek het en dat dié onderneem het om 'n onderhoud aan genl. Opperman toe te staan. Mulder het die saak ook weer met pres. Zuma, asook met adjunkpresident Motlanthe bespreek. Hulle het bevestig dat daar geen probleme tussen Suid-Afrika en Angola bestaan wat die saak behoort te vertraag nie. Hy meld dat Motlanthe besondere begrip vir die frustrasies en die effek daarvan op die families getoon het (Mulder 2011). Intussen het 'n nuwe Angolese militêre attaché, brig.-genl. Luís Muxito, in Pretoria aangekom. Opperman het hom tydens 'n gedenkdiens op 23 Januarie 2011 by Fort Klapperkop ontmoet en onmiddellik bewus gemaak van die voortslepende Ebo-projek. Hy het by Muxito gepleit om te help om die saak te bespoedig (Opperman 2011a). Op 6 Februarie 2011 gee Opperman die volgende terugvoer na 'n besoek op 3 Februarie aan genl. Muxito:

> "Hy het reeds my skrywe dd 24 Januarie 2011 aan sy meerderes in Luanda gestuur en 'n positiewe respons van hulle af ontvang. Al wat hulle vereis is 'n brief vanaf die RSA regering om die volgende te bevestig:
>
> 1. Dat die Ebo-geval in isolasie hanteer kan word en nie hoef te wag vir die repatriasie van die oorskot van alle Suid-Afrikaanse slagoffers van geweld (lees oud-'vryheidsvegters') wat in Angola begrawe is nie. (Soos reeds deur dr Pallo Jordan in die openbaar verklaar is toe hy nog minister van kuns en kultuur was en ook in verskeie privaatgesprekke deur pres. Zuma bevestig is);

> 2. Dat die RSA regering daartoe instem dat die Ebo-projek as ’n privaatinisiatief deur die Ebo Trust bedryf kan word” (Opperman 2011b).

Oënskynlik was alle probleme uit die weg geruim, want aan elkeen van hierdie vereistes is reeds op verskeie maniere en by verskeie geleenthede voldoen. Na vele pogings, insluitende ’n direkte nota aan die betrokke adjunkminister, mnr. Fransman (Opperman 2011c), het Opperman op 30 Maart 2011 ’n afspraak met Fransman gemaak (Istain 2011).’n Deel van Opperman se terugvoer aan belanghebbendes op 31 Maart 2011 lui soos volg:

> “Na afloop van die gesprek het die Adjunk-minister opdrag gegee dat daar nou, in die lig van die verbeterde verhoudinge met Angola, dringend ’n diplomatieke nota via die Angolese ambassade in Pretoria aan die Angolese regering in Luanda gestuur moet word om te bevestig dat die RSA-regering die Ebo projek as ’n privaat projek ondersteun en die Angolese regering moet versoek om die Ebo Trust by te staan tov die opgrawing en repatriasie van die vier oud-kollegas se oorskot. ’n Afsonderlike, stawende skrywe sal aan die Ebo Trust gerig word, aangesien dit nie moontlik sal wees om ’n afskrif van die diplomatieke nota (synde ’n formele regering-tot-regering kommunikasie) aan die Trust te gee nie” (Opperman 2011d).

Mnr. Fransman het op 31 Maart 2011 die stawende skrywe aan genl. Opperman gestuur (Fransman 2011). Op die tydstip van die ontmoeting tussen Fransman en Opperman het die beskikbare fondse in die Ebo-trust op ongeveer R200 000 gestaan en dit was duidelik dat dit nie meer voldoende sou wees nie. Met hernude ywer het Opperman hom weer op fondswerwing toegelê (Opperman 2011d).

Ten spyte van al die positiewe verwagtinge het niks verder gedurende 2011 gebeur nie. ’n Terugslag het die Ebo-trust en die projek in sy geheel getref toe AO1 (aft.) Rowley Medlin op 5 Desember 2011 oorlede is (Quebbemann 2011; SADFGROUP 2011). Die tragedie van die datum van sy dood het eers gedurende Januarie 2012 geblyk toe die inhoud van die Angolese brief van toestemming aan die lig gekom het. Die brief is gedateer 20 September 2011, maar dit het êrens bly lê en die Angolese ambassade het in die loop van Januarie 2012 ’n afskrif vir genl. Opperman uit Luanda bekom (Opperman 2012a). Rowley Medlin is oorlede sonder dat hy die voltooiing van die Ebo-projek kon beleef. Leon Lombard, broer van Niël Lombard, het op 17 Januarie 2012 Medlin se plek in die raad van trustees van die Ebo-trust ingeneem.

## 6. AMPTELIKE TOESTEMMING VIR DIE OPGRAWINGS WORD VERLEEN SEPTEMBER 2011–JANUARIE 2012

Amptelike toestemming vir die opgrawing van die Ebo-4 is verleen na ’n vergadering tussen Angolese en Suid-Afrikaanse amptenare wat op 8 September 2011 in Luanda gehou is. Die brief bestaan uit twee dele. Die eerste deel is ’n dekbrief van die direktoraat van interne betrekkinge van die Angolese departement van

verdediging aan die kantoor van die minister van verdediging. Hierin word bloot gemeld wat die doel van die vergadering was:

> "The purpose was to determine a programme to commence with the exhumation and repatriation of the bodies of four South African soldiers killed in action in Angola in 1975, and for the construction of a monument in memory of the same" (Higino de Sousa 2011. Vertaling deur A de Witt).

Die tweede deel van die brief is 'n notule ("confirmatory notes") van die vergadering. Weer eens is die saak van die vier Suid-Afrikaanse soldate en die saak van die oprigting van 'n monument met mekaar in verband gebring:

> "The main purpose of the meeting was to analyse the possibility of exhuming and repatriating the remains of 4 South African soldiers killed in action in the village of Ebo, in the Kuanza Sul Province, in November 1975. The selection of a site for the construction of a memorial monument was also discussed.
>
> Following words of welcome by the host, the visitor mentioned that the meeting was the result of a decision taken in this regard by the Heads of State of South Africa and Angola. The intention was to draw up a programme and to create an inter-governmental team consisting of experts from both countries in order to implement this decision" (Higino de Sousa 2011. Vertaling deur A de Witt).

'n Sperdatum, dat al die werk voor die einde van 2011 gedoen moes word, is vasgestel. Dit is gedoen met die oog op 'n beplande besoek van die Suid-Afrikaanse president aan Angola, waartydens hy die hoeksteen van die monument sou lê, eer aan die gevalle soldate sou betoon en die repatriasie van hulle oorskot sou inisieer (Higino de Sousa 2011).

By 'n kritiese lees van hierdie dokument blyk dit moontlik dat dit die begin was van die misverstand wat later sou lei tot die onseremoniële verwydering van die opgrawings- en ondersteuningspan van Ebo af. Die Ebo-trust het hierdie brief beskou as die toestemmingsbrief waarop hulle gewag het. Die geldigheid van hierdie opvatting is mondeling deur die Angolese militêre attaché bevestig. Uit die vertaalde inhoud blyk dit egter dat die dokument 'n proses wou inisieer. Vir die Ebo-trust was dit van kardinale belang om die opgrawing en repatriasie van die Ebo-4 te skei van enige ander repatriasie-inisiatiewe. In die dokument is alle repatriasies en die oprigting van 'n monument as een saak beskou. Selfs die toevoeging van 'n spesifieke persoon, mnr. Filipe Mahapi, wat goed vertroud is met die grafte van Suid-Afrikaners in die Luanda-provinsie, word genotuleer (Higino de Sousa 2011). Geeneen van die nege genotuleerde besluite van die vergadering het enigiets met die beplande werk van die Ebo-trust te doen gehad nie. Die Ebo-trust het homself as onbetrokke beskou by die vorming van die regeringskommissie wat elkeen van die lande tot stand moes bring (Higino de Sousa 2011).

Hierdie dokument het die weg gebaan vir latere misverstand en optrede in Angola wat die Ebo-projek byna ontspoor het.

## 7. VOORBEREIDINGS EN DIE EERSTE POGING OM DIE EBO-4 OP TE GRAWE, JANUARIE–MEI 2012

Nadat die Angolese brief vertaal is, het die proses om tot die opgrawings oor te gaan onkeerbare momentum gekry. ’n Vergadering van alle belanghebbendes is vir 23 Januarie 2012 belê, terwyl die visum-aansoeke vir almal op dieselfde dag ingedien moes word. ’n Besoek aan Angola deur Opperman en Nienaber is vir 7 tot 12 Februarie beplan en die periode 10 tot 18 Maart 2012 is vir die opgrawings by Ebo voorgestel. Die gebeure sou opbou tot die gedenkdiens en die plasing van die oorskot van die Ebo-4 in die Muur van Herinnering op 3 Junie 2012.

Na aanleiding van die Angolese brief (Higino de Sousa 2011) is die nuus dat daar vordering ten opsigte van die Ebo-projek is, wyd bekendgestel. *Beeld* publiseer ’n berig hieroor onder die titel: “Vier se oorskot kom ná jare tuis: Laaste wat in oorlog in Angola begrawe is” (Gibson 2012a) en *Rapport* berig: “4 van SA Christelik begrawe in Angola” (Malan 2012a).

Nienaber kon nie die vergadering op 23 Januarie bywoon nie, maar hy en Opperman het afgespreek om mekaar reeds op 19 Januarie te ontmoet, aangesien sy insette as argeoloog en kundige ten opsigte van die SAEHA-vereistes as onmisbaar beskou is. Nienaber het reeds voor die vergadering sy onrustigheid uitgespreek oor die feit dat die proses te vinnig gedruk word en gepleit om kans gegun te word om alle tersaaklike aspekte deeglik te hanteer (Nienaber 2012). Die korrespondensie het ’n mate van spanning in die professionele span geskep, maar die vergadering van 23 Januarie 2012 het voortgegaan omdat verskeie betrokkenes reeds aangedui het dat hulle dit sou bywoon (Opperman 2012b). Tydens die vergadering is die beplande skedules gewysig. Daar is besluit dat Opperman en Nienaber Angola van 6 tot 10 Februarie sou besoek en dat die opgrawings in die periode tussen 6 en 15 Mei 2012 sou plaasvind. Verskeie belanghebbendes, onder wie HW Short wat die Ebo-terrein reeds besoek het, het die vergadering bygewoon. Daar is ook besluit om by voorbaat DNS-monsters by drie lewende vroulike familielede te versamel met die oog op die latere DNS-toetse. Hulle was die moeder van Niël Lombard, die moeder van Eric Thompson en die suster van Danie Taljaard (Opperman 2012d).

Op 3 Februarie 2012 het me HM van Heerden van die departement internasionale betrekkinge en samewerking ’n reeks antwoorde voorsien op spesifieke navrae wat op die aansoekvorm van die SAEHA-permit gebaseer is. Dit het na die oordeel van die Ebo-trust voorsiening gemaak vir alle vereistes wat gestel is (Van Heerden 2012).

Die besoek deur Opperman en Nienaber aan Angola van 6 tot 10 Februarie 2012 was bedoel om alle moontlike struikelblokke wat die uiteindelike opgrawingsproses kon beïnvloed, uit die weg te ruim en om antwoorde te bied op spesifieke onsekerhede ten opsigte van die SAEHA-permitaansoek. Besoeke is gebring aan:

- Die Suid-Afrikaanse ambassade in Luanda en ’n onderneming is van vier lede van die personeel ontvang dat alle uitstaande kwessies met hulle Angolese ampsgenote opgeneem is en dat formele antwoorde verkry sou word. Die ambassadeur, genl. Nwenya, voormalige hoof van die SANW, was nie beskikbaar nie.
- Mnr. Serafim do Prado, goewerneur van die Kwanza Sul-provinsie, wat alle nodige hulp aangebied het om die projek suksesvol te voltooi.
- Mnr. Américo Alves Sardinha, adjunkadministrateur (onderburgemeester) van die Ebo-munisipaliteit, wat tydens die besoek personeel beskikbaar gestel het om die voorspan te vergesel en wat onderneem het om ’n kampplek en die grafterreine te laat skoonmaak en om sekuriteitspersoneel beskikbaar te stel terwyl die opgrawings aan die gang is.

Na aanleiding van die besoek en op versoek van goew. Do Prado, het genl. Opperman by sy tuiskoms ’n volledige terugvoerdokument opgestel en alle planne wat met die opgrawings sou verband hou, uiteengesit. Besonderhede van die vier afgestorwenes, sowel as ’n brief van die SANW in verband met hulle lot en die latere doodsverklaring deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika, besonderhede van die professionele span, besonderhede van die lede van die Ebo-trust en ’n tentatiewe program vir die tydperk 5 tot 16 Mei 2012 is voorsien. Do Prado is versoek om sy mondelinge ondernemings tydens die besoek op skrif te stel, om te bevestig of daar enige wetenskaplike of professionele vereistes is waaraan die span moes voldoen voordat die opgrawings begin, om ’n geskikte mediese praktisyn aan te stel om die identifikasie te bevestig, en om die nodige uitvoerpermit uit te reik wat die span in staat sou stel om die stoflike oorskot na Suid-Afrika te neem (Opperman 2012f;Jooste 2012).

Op 2 Mei het genl. Opperman ’n welwillendheidsbesoek aan die Angolese ambassadeur in Pretoria gebring om haar oor die stand van sake en die finale reëlings vir die opgrawings in te lig (Opperman 2012g; Opperman 2012j).

Verskeie mediagroepe het belangstelling getoon om die opgrawings te dokumenteer en Danie Hefers, senior joernalis van *Fokus* op SABC2, het uiteindelik saam met die groep gereis. Weens die ernstige vloedskade wat die eienaar van die Kwanza Lodge gelei het, sou dit vir hom onmoontlik wees om logistieke steun aan die opgrawings te bied. ’n Namibiese toeroperateur, SafariWise, is gekontrakteer om ’n volledige basiskamp met spyseniering vir die duur van die opgrawings in te rig (MacLeod 2012). Hulle het die terrein landwaarts vanuit Namibië binnegegaan en het die kamp op 5 en 6 Mei ingerig.

Op Saterdag 5 Mei 2012 het die eerste groep, bestaande uit Opperman, Thompson, Nienaber en Boshoff na Luanda vertrek en die aand op Cabo Ledo aan die Atlantiese kus, suid van Luanda, deurgebring. Op 6 Mei het Lombard en

Maryna Steyn saam met die joernalis Danie Hefers aangekom en die hele groep het na Ebo vertrek, waar die kamp reeds deur MacLeod en sy mense ingerig was (Boshoff 2012a).

Maandagoggend 7 Mei het byna soos ’n droom aangebreek. Na ses jaar van onderhandelinge en baie moeite het die span op die terrein waar die vliegtuig 17 jaar tevore geval het, wakker geword en oor die landskap noord van Ebo uitgekyk. Die plek waar die graf tevore uitgewys is, is gevind en die gemeenskap van Ebo het woord gehou: die hele area rondom die graf was skoon geskoffel. Die eerste dag sou almal saamwerk by die “vliegtuiggraf”, die graf waar die oorskot van drie van die Ebo-4 na bewering digby die vliegtuigwrak begrawe is. Die beplanning was dat Nienaber, Lombard en een of twee van die onderhoudspan Dinsdagoggend na Niël Lombard se graf sou begin soek (Boshoff 2012a).

Genl. Opperman het na Ebo vertrek vir ’n vergadering (9:00) met die plaaslike en tradisionele owerhede. Die vergadering is gelei deur mnr. Américo Alves Sardinha, onderburgemeester van Ebo, en hy het verklaar dat slegs enkele tradisionele aangeleenthede nog hanteer moes word. Dit het die aankoop van sekere items en die betaling van ’n bedrag van US$3 000 ingesluit. Opperman het die nodige items gaan koop en tydens ’n latere vergadering aangebied om US$500 te betaal. Uiteindelik is op ’n bedrag van US$750 ooreengekom en na die betaling is die tradisionele leiers saam met Opperman na die grafte vir ’n reinigingseremonie (Opperman 2012i).

’n Oppervlakopname het verskeie klein onderdele van die vliegtuig, stukkies tekstiel en ander verbandhoudende voorwerpe opgelewer. ’n Toetssloot van 2m x 0.5m is dwars oor die aangewese graf langs ’n boompie wat die graf aangedui het, uitgemeet. Die bogrond is losgepik en verwyder. Alle grond is gesif. Om 10:00 het Martin Thompson die eerste stukkie been gevind en half lakonies gevra: “Is this bone?” Dit was inderdaad ’n klein beenfragment en binne vyf minute daarna is ’n skedelbeen en enkele ander bene gevind. Sonder enige twyfel was dit ’n graf, maar die bene was gefragmenteerd en die preservering was baie swak. ’n Boodskap is onmiddellik na Opperman gestuur dat die eerste bene blootgelê is. Sy vergadering met die owerhede was nog nie afgehandel nie. Die grafput het geleidelik tydens die opgrawings duidelik geword. Die vonds van ’n stel baie goed gepreserveerde valstande het alle twyfel dat dit die vliegtuiggraf was, uit die weg geruim. Uit sy mediese rekords was dit bekend dat kapt. Danie Taljaard valstande gedra het. Die verbandhoudende rugwerwelkolom kon sonder twyfel aan Taljaard behoort het (Boshoff 2012a).

Na middagete het ’n tradisionele leier saam met die groep wat in Ebo was na die graf toe gekom. ’n Redelike groot groep van 18 van die plaaslike mense het daar vergader en ’n tradisionele seremonie “om die afgestorwenes huis toe te laat gaan”, is by die graf uitgevoer. Die hulpmiddele was ’n lewende hoender en rooiwyn, uit-

roepe en ’n sagte handegeklap. Na die seremonie het die groep vertrek om dieselfde seremonie ook by Niël se graf te gaan uitvoer. Die opgrawings het voortgegaan en teen die aand was duidelike tekens van twee skelette sigbaar (Boshoff 2012a).

Dinsdagoggend het begin met ’n kortstondige besoek van ’n bakkie met twee mense in en enkele skote wat buite die kamp afgevuur is. Steyn en Boshoff het saam met Thompson en ’n lid van die onderhoudspan na die vliegtuiggraf teruggekeer om voort te gaan met die opgrawings. Die twee skelette wat reeds gevind is, is vollediger opgegrawe. Stukke van die vliegtuig is tussen die bene in die graf gevind. Op plekke is dele van die skelette deur muistonnels verskuif of weggewerk. Aan die westelike rand van die graf het dit gelyk asof ’n derde werwelkolom verskyn. Prof. Steyn het bespiegel oor die vraag of dit die derde skelet is toe ’n baie dringende oproep teen 12:15 van die groep by die ander graf ontvang is (Boshoff 2012a).

Die boodskap was dat alle opgrawings onmiddellik gestaak moes word en dat alle toerusting en personeel onverwyld na die kamp moes terugkeer. Daar is inderhaas opgepak en na die kampplek gegaan en die groep het byna saam met die res van die groep van die ander graf af in die kamp aangekom. Hulle is begelei deur verskeie polisiemanne en soldate in etlike voertuie.

Genl. Opperman was reeds 07:30 in Ebo vir ’n vergadering. Die opgrawings het intussen voortgegaan asof alle formaliteite afgehandel is. Dit was oënskynlik ook die opvatting van die amptenare in Ebo. Tydens die vergadering het Opperman ’n boodskap ontvang dat Sumbe (die provinsiale hoofstad) beveel het dat alle werk gestaak moes word en dat die opgrawings toegegooi moes word. Hy is onder begeleiding teruggeneem kamp toe. Op pad terug het hulle by die ander graf aangegaan en die werk daar gestaak. Die ander groep het vir ongeveer vier ure met die hulp van ’n groep plaaslike arbeiders gewerk om die moontlike grafterreine skoon te maak toe die polisie skielik gewapend opgedaag het (Boshoff 2012a).

Die amptenare wat die boodskap moes oordra, het twee eise gestel: dat die opgrawings toegegooi en die hele kamp onmiddellik ontruim moes word. As rede is aangevoer dat die bevel “van bo” af kom en dat alle betrokke partye in die proses nie behoorlik geken is nie (Opperman 2012i). Onderhandelinge met owerhede in Luanda en Pretoria het niks opgelewer nie en uiteindelik het die groep na die vliegtuiggraf gegaan. Binne ’n dag nadat die graf en die oorskot die eerste keer gevind is, is dit weer toegegooi. Dit was wel moontlik om stukke van die vliegtuig tussen die bene te plaas en die graf met linne te bedek voordat die grond weer teruggegooi is. Die gedagte was dat dit makliker sou wees om weer alles oop te maak as ’n mens later net tot by die linne kon grawe sonder om oor die skelette te bekommer (Boshoff 2012a).

Die opdrag om die kamp te ontruim, was moeilik uitvoerbaar. Daar was geen vervoer beskikbaar nie (Opperman 2012i). Voorts was ’n poging om die lot van

die opgrawings- en logistieke spanne te skei, onsuksesvol. Almal moes die kamp verlaat en na Luanda gaan om ’n vergadering daar by te woon. Teen 00:30 die nag het vier polisievoertuie van Sumbe af by die kamp opgedaag en opdrag gegee dat almal die kamp moes ontruim. Die Namibiërs moes met hulle eie voertuie saamry Luanda toe. Die hele opgrawingspan is agter in ’n polisievoertuig gelaai en uit die kamp weggeneem. Hierdie gebeure het tot spanning en interne verskille tussen lede van die opgrawingspan aanleiding gegee. Die pad het oor Quibala en Dondo gelei en teen sonop was Luanda nog 180 km ver. Aan die buitewyke van die stad het die verkeer erg toegeneem en met flitsende ligte en loeiende sirenes is die optog voortgesit. Tydens die jaagtog het Danie Hefers dramatiese videomateriaal geneem wat later op 27 Mei 2012 met groot vrug vir ’n program op *Fokus* gebruik is. Na meer as tien ure op die pad, is die Angolese polisiehoofkwartier in die middestad van Luanda bereik. Twee ure lank is daar gewag op ’n brief, maar dit het nie tevoorskyn gekom nie. ’n Hoë polisie-offisier het wel uiteindelik aan Opperman gesê dat alle probleme opgelos is en dat die span stellig met hulle werk sou kon voortgaan (Opperman 2012i). Met hierdie belofte is die hele groep, insluitende die twee Namibiese voertuie en personeel, na die Suid-Afrikaanse ambassade begelei en onseremonieel daar afgelaai (Boshoff 2012a).

Na ’n vergadering in die Suid-Afrikaanse ambassade is almal uiteindelik weer Cabo Ledo toe. Dit het geblyk dat die polisie-offisier se belofte ydel was en dat die vergadering waarvoor almal Luanda toe moes gaan nie gou sou plaasvind nie. Donderdag 10 Mei is afgestaan aan verskeie oproepe, maar geen vordering is gemaak nie. Teen Vrydagoggend 11 Mei om 11:00 is die besluit geneem om die projek vroeg te beëindig en om terug te keer Suid-Afrika toe. Met groot moeite is almal se vliegkaartjies gewysig en op Saterdag 12 Mei keer die span onverrigtersake terug Suid-Afrika toe (Boshoff 2012). *Beeld* het die nuus gedra (Gibson 2012b). Die oud-soldaat en skrywer, Louis Bothma, het skerp kritiek op die situasie gelewer (Bothma 2012), terwyl die *Republikein* van Namibië die verhaal uit die perspektief van die ondersteuningspan vertel het (Du Toit 2012) en *Rapport* berig het oor die trauma wat die groep beleef het (Malan 2012b). ’n Tussentydse verslag oor die opgrawings is deur die professionele span opgestel (Steyn, Nienaber, Boshoff 2012). Dit is egter nie waar die SAUK-joernalis Danie Hefers se rol opgehou het nie.

Hefers het ná sy terugkeer na Suid-Afrika in sy navorsing oor die gebeurtenis navraag gedoen by die Angolese owerhede oor waarom die Ebo-projekspan nie toegelaat is om hulle taak te voltooi nie, maar hardhandig verwyder is. Daarna was hy die eerste persoon wat ’n nuwe uitnodiging van die Angolese regering onder oë gehad het, waarin die span skaars twee weke ná die vorige voorval teruggenooi is Angola toe met die versekering dat hulle die projek graag suksesvol wou beëindig

(Muxito 2012). Die rede vir die mislukking van die projek is in ’n persverklaring soos volg verwoord:

> “This Diplomatic Mission did provide the necessary support to Gen. (Rt.) Gert Opperman in terms of advice on protocols/procedures to follow in order to successfully conclude the matter in reference, including a clearance from provincial authorities to travel to the exhumation site and conduct the operation.
>
> Despite taking cognizance of the above fact, Gen. (Rt.) Gert Opperman opted to travel to Angola, to conduct unauthorized exhumation of the bodies, in violation of protocols/procedures. Consequently, the police had to enforce the laws, owing to none compliance with and/or failure to adhere to basic standardprotocols/procedures in place” (Muxito 2012).

Opperman (2012j) het besluit om nie op hierdie beskuldiging te reageer nie, maar eerder te fokus op die toekoms en die suksesvolle afhandeling van die projek. Die Angolese owerhede het reeds die deur hiervoor oopgemaak. Muxito (2012) verduidelik in sy persverklaring:

> “Considering the sensitivity of the matter, and in an effort to swiftly conclude Project Ebo, the government of the Republic of Angola has already put in place an Intersectoral Commission currently expediting the matter.”

Die persverklaring het gepaardgegaan met ’n nuwe skedule wat behels het dat die betrokkenes reeds op 7 Junie 2012 die Intersektorale Kommissie wat deur die Angolese owerhede saamgestel is, sou ontmoet.

## 8. DIE TWEEDE POGING, 5–14 JUNIE 2012

Nuwe reëlings is inderhaas getref en op 25 Mei 2012 het die projekspan vergader om die saak te beplan. Op ’n navraag of die program uitgestel sou kon word, is geantwoord dat die Angolese kommissie die saak tussen 7 en 14 Junie kon hanteer of dit sou met meer as ’n jaar uitgestel moes word (Opperman 2012k). Verskeie vrae is deur die lede van die projekspan geopper en die vereiste is gestel dat alle dokumentasie, toestemming en permitte uitgereik en beskikbaar moes wees voordat die span weer na Angola sou vertrek. Intussen moes die gedenkdiens by die Muur van Herinnering op Sondag 3 Junie 2012 voortgaan sonder dat die oorskot van die Ebo-4 in die nisse geplaas sou kon word.

Visums vir die projekspan is op 4 Junie 2012 uitgereik en Dinsdagoggend 5 Junie het die groep na Luanda vertrek. Die middag is ’n vergadering met die Suid-Afrikaanse ambassadeur, genl. GN Ngwenya, en lede van die ambassadepersoneel gehou en twee lede van die ambassade is toegewys aan die projek. Hulle was kol. N Mendes en mnr. P Mosomane en hulle sou die projekspan begelei. Reëlings is getref vir ’n ontmoeting met die Intersektorale Kommissie op 6 Junie 2012 by die kantore van die Angolese ministerie van buitelandse sake (Boshoff 2012b).

Die vergadering met die Intersektorale Kommissie het onder leiding van dr. J Pessela van buitelandse sake gestaan. Al ses lede van die projekspan, vier lede van die Suid-Afrikaanse ambassade en verteenwoordigers van agt staatsdeparte-

mente het die vergadering bygewoon. Die betrokke departemente was buitelandse sake, binnelandse sake, administrasie, justisie, gesondheid, omgewingsake, vervoer en die provinsiale owerheid van die Kwanza Sul-provinsie. Genl. Opperman wou graag die projek afhandel. Dr. Pessela het gemeld dat die kommissie nie bewus was van die vorige besoek in Mei nie en dat skakeling met tradisionele leiers en die gevaar van landmyne deurslaggewende faktore was. Voorts meld hy dat die polisie gerapporteer het dat liggame reeds onwettig opgegrawe is en daarom is vereis dat die grafte weer toegegooi moes word. Hy skets drie scenario's waarmee hulle gekonfronteer is:

- Indien die projek in Mei suksesvol was, sou die kommissie geen kennis gedra het nie en gevolglik geen navrae kon beantwoord nie.
- Toegang tot Angola was met toeriste-visas. Die polisie het oorweeg om almal op te sluit omdat toeriste nie sodanige dinge kon doen nie.
- Indien die oorskot na Suid-Afrika geneem is en daar besef is dat dit die verkeerde mense was, wat sou dan gedoen kon word?

Vervolgens is die projekspan twee boetes opgelê: 'n boete van tussen US$1 000 en US$1 000 000 deur die departement van omgewingsake en 'n boete van US$300 000 deur die departement van gesondheid (Boshoff 2012b).

Genl. Opperman het uiteengesit hoe die besoek in Mei deur jarelange onderhandelinge en 'n ter plaatse besoek in September 2008 en Februarie 2012 voorafgegaan is, hoe dat skakeling met die provinsiale owerhede, plaaslike owerhede en tradisionele leiers plaasgevind het en dat daar reeds US$750 en ander geskenke aan die tradisionele owerheid gegee is met die oog op die seremonie wat reeds by die grafte plaasgevind het. Voorts verduidelik hy dat die Ebo-trust volledig privaat funksioneer en geen staatshulp ontvang nie. Die trust was nie in staat om sodanige boetes te betaal nie en gevolglik sou die projek onmiddellik getermineer moes word. Hy verklaar dat die projekspan in die lig van die boetes na Suid-Afrika sou moes terugkeer, omdat die werk onmoontlik geword het (Boshoff 2012b).

Pessela se reaksie was dat die Intersektorale Kommissie Ebo reeds besoek het en bewus was van die omstandighede. Hy verklaar dat die projekspan nie alleen verantwoordelik was vir die oortredings nie, maar ook die plaaslike owerhede in Ebo, die provinsiale owerheid en die tradisionele leiers wat reeds geld ontvang het. Dit is onnodig om die projek te termineer en hy skei die oortredings in Mei van die huidige projek. Hy versoek dat die werk moes voortgaan, sodat die projekspan op 11 Junie in Luanda kon terug wees vir die afhandeling van die administrasie en om te besluit oor die besonderhede van die repatriasie van die oorskot. Daar is ooreengekom dat die lede van die projekspan, die Suid-Afrikaanse ambassade en die Intersektorale Kommissie die volgende dag, op 7 Junie, in Condé sou ontmoet (Boshoff 2012b).

Teen die aand van 7 Junie was alle betrokkenes in Ebo en ’n vergadering is met die plaaslike owerheid gehou. Die projekspan is deur genl. Opperman en prof. Steyn verteenwoordig. In die vergadering is weer eens beweer dat die oorskot reeds gedeeltelik opgegrawe en verwyder is en die beskuldiging is weer nadruklik weerlê. Waarskynlik berus die misverstand op die feit dat die skelette reeds blootgelê was, maar dat die opgrawingsprosedures om die bene in posisie te hou, nie aan die polisiehoof bekend was nie.

Die oggend van 8 Junie was mistig, maar die hervatting van die opgrawingsprojek het onder groot belangstelling plaasgevind. ’n Tweede tradisionele seremonie is by die vier hoeke van die graf uitgevoer en daarna kon die grond weer uit die graf verwyder word. Die oorskot van die drie slagoffers wat in die vliegtuig was, is stelselmatig opgegrawe. Die skelet van kapt. Danie Taljaard, wat op grond van sy valstande uitgeken is, is eerste verwyder. Daarna is die skelet van die vlieënier wat eerste gevind is, uitgehaal en later die tweede vlieënier se beendere. Laasgenoemde is gevind met ’n vlieëniershelm op sy kop, maar soos in al die ander gevalle was die preservering van die skelet besonder swak. Dit was onmoontlik om op grond van wat in die graf gevind is, vas te stel wie Williamson en wie Thompson was.

By die graf van Niël Lombard het dit nie maklik gegaan nie. Geeneen van die aangewese plekke het ’n skelet opgelewer nie. Op een plek het dit wel voorgekom of daar voorheen ’n gat gegrawe was, maar dit het niks opgelewer nie. Namate dit geblyk het dat die oorskot nie gevind is nie, het mense van die omgewing met nuwe stories na vore gekom. Iemand het beweer dat Niël suid van die rivier in ’n massagraf begrawe is, en ten minste drie enkelgrafte is in die omgewing suid van die rivier uitgewys waar beweer is dat hy begrawe kon wees. ’n Moeilike besluit moes geneem word oor hoe om met die projek voort te gaan. Uiteindelik is besluit om ’n stootskraper te gebruik om ’n groot gebied skoon te skraap en te soek vir alternatiewe moontlikhede in die omgewing wat vroeër uitgewys is. Daar is voorts besluit om glad nie die massagraf te ondersoek nie en later is besluit om ook nie die enkelgrafte te ondersoek nie. Plaaslike gemeenskapslede en soldate het ook aangedui dat hulle dit nie graag sou sien gebeur nie. Die Intersektorale Kommissie het saamgestem dat Niël se graf nie gevind kon word nie. Daar is ook besluit om slegs terug te kom vir verdere opgrawings indien spesifieke nuwe inligting ontvang word wat so ’n projek sou regverdig. Tydens die afsluitingseremonie by die vliegtuiggraf, waar ’n boom op die leë graf geplant is, het die adjunkgoewerneur van die Kwanza Sul-provinsie onderneem dat verdere navorsing in die gebied gedoen sou word. Leon Lombard het grond uit die wal van die Massabarivier, waar Niël se pantserkar tot stilstand gekom het, bymekaargemaak en dit is uiteindelik in ’n kissie in sy nis in die Muur van Herinnering geplaas (Gibson 2012c).

Dit is kenmerkend van die proses in Angola dat daar vir elke volgende permit of toestemming groot bedrae geld, meestal in Amerikaanse dollars, betaal moes word.

Van die reuseboete wat die projekspan aanvanklik opgelê is, het hulle nie weer gehoor nie (Boshoff 2012b).

## 9. DIE OORHANDIGING VAN DIE OORSKOT VAN DRIE SA SOLDATE, JUNIE 2012

Die Suid-Afrikaanse projekspan het op Donderdag 14 Junie 2012 met die stoflike oorskot na Suid-Afrika teruggekeer. ’n Formele oorhandigingsplegtigheid is vir Vrydag 15 Junie gereël. Vroeg die oggend het die projekspan die naasbestaandes van Taljaard, Williamson en Thompson in die kapel by die Voortrekkermonument ontmoet en ’n kort voorligting oor die proses gegee. Daarna is die kiste na die openbare area voor die Muur van Herinnering gebring waar sewe lede van die Intersektorale Kommissie, personeel van die Angolese en Suid-Afrikaanse ambassades en van die Suid-Afrikaanse departement van internasionale betrekkinge en samewerking, sowel as die naasbestaandes, die lede van die projekspan en belangstellendes byeengekom het. In ’n kort en gewyde seremonie is die oorskot deur die voorsitter van die Intersektorale Kommissie, dr. J Pessela, aan die Ebo-trust oorhandig vir verdere versorging en die begrafnis (Gibson 2012d).

Beenmateriaal van die drie individue wat opgegrawe is, is vir DNS-analise weggestuur, maar na verskeie toetse kon geen DNS gevind word nie, gevolglik kon die oorskot van die twee vlieëniers nie tot individuele vlak geïdentifiseer word nie (Ferreira 2012).

## 10. BEGRAFNIS VAN DIE EBO-4

Op Sondag 8 Julie 2012 is ’n begrafnisdiens vir die Ebo-4 gehou. Dit was ’n besondere gebeurtenis waartydens die families ’n baie moeilike tydperk in hulle lewe finaal kon afsluit (Rademeyer 2012). Die diens is gelei deur prof. WS Boshoff wat ook ’n lid van die projekspan was. Die teks vir die geleentheid is uit Genesis 3:19 en Psalm 8:5–6 geneem. Formele liturgiese momente van ’n militêre begrafnis is by die diens ingesluit en ’n besondere oomblik is beleef toe vier Harvard-vliegtuie die “missing man”-formasievlug uitgevoer het. Vier vliegtuie was saam in formasie en een het weggebreek van die res om die verlies van ’n makker te simboliseer.

## 11. SLOTGEDAGTES

Die boodskap wat AO1 (aft.) Rowley Medlin uitgestuur het om belangstellendes in kennis te stel dat die grafte van die Ebo-4 gevind is, het hy met die volgende pragraaf afgesluit:

> "Even though I have been given reasons (excuses??) I still ask why did we not search properly for them? Why did we not, as the orders specifically were: 'no South African, wounded/lost or dead must be left in Angolan territory...' Why? Why? Why?" (Medlin 2006b).

Dit is die versugting van 'n oudsoldaat en sy woorde is geëggo deur talle oudkollegas. Om die Ebo-projek uit 'n kollegiale hoek te beoordeel, is legitiem en edel.

Op die Internet word daar dikwels vrae gevra oor die sin en betekenis van 'n duur en, wat geblyk het, gevaarlike projek. Opmerkings is gemaak dat die dooies moes rus en dat repatriasie van hulle oorskot hulle nie na die lewe kon terugbring nie.

Die projek is egter aan die gang gesit en aangevuur deur die versoek van Chris Taljaard, Danie Taljaard se broer, wat gevra het dat Medlin moet kyk of hy nie iets kon uitvind oor die vliegtuig waarin sy broer oorlede is en die grafte waarin hy en die twee vlieëniers begrawe moes wees nie. Die dryfveer agter Medlin se toewyding en byna fanatiese soektog na die vermiste vliegtuig en sy bemanning en die storie daaragter was die menslike patos van 'n familie se verlies. In die internasionale menseregte-omgewing is die belang van die naasbestaandes van rigtinggewende belang. Hulle belang is aangegee as die primêre rede waarom vegtende partye moeite behoort te doen om die oorskot van slagoffers te begrawe en, indien moontlik, te repatrieer.

Die ervaring van die Thompson- en Taljaard-families wat direk gebaat het by die opgrawing van hulle naasbestaandes, die ervaring in die wyer Williamson-familiekring waar geen direkte familieverwante meer leef nie, asook die ervaring van die Lombard-familie van wie die oorskot van Niël, ten spyte van die beste pogings, nie opgespoor kon word nie, het oorvloedige getuienis gebied dat dit die moeite werd was om die projek aan te pak.

Met die afsluiting van die Ebo-projek en met die formaliteit van die begrafnis het vier families afsluiting gevind na 'n verlies 37 jaar gelede. Meer nog: die wegsterf van die klanke van die trompetgeskal het ook die einde van Operasie Savannah aangekondig en 'n einde gebring aan 'n baie besondere hoofstuk van die geskiedenis van die SAW en die soldate wat aan die oorlog deelgeneem het.

**BRONNELYS**

Boshoff WS 2012a. Ebo-dagboek 5-15 Mei. ’n Verslag gehou deur Willem Boshoff. Ongepubliseerde dagboek.

Boshoff WS 2012b. Ebo-dagboek 5-14 Junie. ’n Verslag gehou deur Willem Boshoff. Ongepubliseerde dagboek.

Bothma L 2012. “Alles is reg, maar dis nie goed genoeg nie”, *Beeld* 17 Mei.

Davie L 2012. Sarah Baartman, at rest at last, <http://www.southafrica.info/about/history/saartjie.htm#.UHRPEy6CHSk>, 14 Mei [Geraadpleeg 9 Oktober 2012].

Du Preez S 1989. *Avontuur in Angola. Die verhaal van Suid-Afrika se soldate in Angola 1975-1976.* Pretoria: JL van Schaik.

Du Toit J 2012. “Beendere bly op die slagveld, Angolese ekspedisie eindig in ’n nagmerrie”, *Republikein* 18 Mei.

Ebo-trust 2007a. Notule van die eerste vergadering van die Raad van Trustees van die Ebo-trust, 17 Oktober. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Ebo-trust 2007b. Notule van die tweede vergadering van die Raad van Trustees van die Ebo-trust, 7 November. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Eckard L 2012. “2 se oorskot 103 j. later weer tuis”, *Beeld* 21 April, <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/2-se-oorskot-103-j-later-weer-tuis-20120420>, [Geraadpleeg 9 Oktober 2012].

Edries E 2010. Ebo project: exhuming and repatriation of mortal remains of SA soldiers from Angola. E-poskorrespondensie E Edries–GN Opperman, 29 Maart. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Erasmus M F 1979. Beëdigde verklaring. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Ferreira I 2012. RE: DNA. E-poskorrespondensie I Ferreira–M Steyn, 2 Julie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Fforde C, Hubert J & Turnbull P 2002. *The dead and their possessions. Repatriation in principle, policy and practice* (One World Archaeology 43). London, New York: Routledge.

Fransman ML 2011. Brief Fransman–genl. GN Opperman, 31 Maart. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Geldenhuys D 2009. RE: Ebo project: exhuming and repatriation of mortal remains of SA soldiers from Angola. E-poskorrespondensie D Geldenhuys–GN Opperman, 4 September. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Gibson E 2012a. "Vier se oorskot kom ná jare tuis: Laaste wat in oorlog in Angola begrawe is", *Beeld* 20 Januarie.

Gibson E 2012b. "SA groep in Angola gegryp: Had groen lig om oorskot oop te graaf", *Beeld* 14 Mei.

Gibson E 2012c. "Drie se oorskot en 'n hopie grond: Gestorwe soldate ná 37 j. terug in SA", *Beeld* 12 Junie.

Gibson E 2012d. "Ebo: Ma onthou haar kind. 'Hy wou van kleins af vlieg'", *Beeld*, 16 Junie.

Göttert L 2009. Ebo-trust opvolg. E-poskorrespondensie L Göttert–GN Opperman, 31 Augustus. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Henckaerts, J-M & Doswald-Beck, L (reds.) *et al.* 2005a. *Customary International Humanitarian Law II. Rules* (International Committee of the Red Cross). Cambridge: Cambridge University Press.

Henckaerts, J-M & Doswald-Beck, L (reds.) *et al*. 2005b. *Customary International Humanitarian Law II. Practice. Part 2* (International Committee of the Red Cross). Cambridge: Cambridge University Press.

Higino de Sousa JLC 2011. Brief aan die Kantoor van die minister van verdediging, Angola, 20 September 2012. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

International Commission on Missing Persons 2006. Final repatriation of Kosovo Albanians mortal remains, <http://www.ic-mp.org/es/press-releases/final-repatriation-of-kosovo-albanians-mortal-remains>, 30 Junie [Geraadpleeg 18 Julie 2012].

International Committee of the Red Cross 1977. *Protocols additional to the Geneva Conventions of 12 August 1949; Resolutions of the 1974–77 diplomatic conference; Extracts from the final act of the 1974-77 diplomatic conference* (Revised edition 1996). Geneva: ICRC.

International Committee of the Red Cross 1998. Lebanon/Israel: Mortal remains repatriated and prisoners released, <http://www.icrc.org/eng/resources/documents/misc/57jp71.htm>, 26 Junie [Geraadpleeg 18 Julie 2012].

International Committee of the Red Cross 2008. Iran-Iraq: Repatriation of remains of soldiers killed during the 1980-1988 war, <http://www.ediec.org/news/newsitem/article/ iran-iraq-repatriation-of-remains-of-soldiers-killed-during-the-1980-1988-war/>, 7 Desember [Geraadpleeg 18 Julie 2012].

Istain Z 2011. RE: Ebo Projek; Repatriasie van vier oud SA Weermag-lede se oorskot vanaf Angola. E-poskorrespondensie Z Istain−GN Opperman, 25 Maart. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Jooste L 2012. Brief aan GN Opperman, 16 Februarie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Kruis S 2008. Repatriation of remains of four ex SADF soldiers from Angola. E-poskorrespondensie S Kruis–GN Opperman, 14 April. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Logan, JW 2007. RE: Ebo cordinates. E-poskorrespondensie JW Logan–RC Medlin, 27 Augustus. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Lombard L 2006. Volmag verleen aan Rowland C Medlin om namens die Lombard-familie te onderhandel. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Mabhongo X 2012. Remarks of Ambassador Xolisa Mabhongo during the repatriation ceremony of the remains of Klaas and Trooi Pienaar, 19 April. Unpublished paper, <http://www.dirco.gov.za/vienna/speeches/mabhongo0419. html> [Geraadpleeg 9 Oktober 2012].

MacLeod N 2012. Angola. E-poskorrespondensie N MacLeod–GN Opperman, 25 Maart. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Malan M 2012a. “4 van SA Christelik begrawe in Angola”, *Rapport* 22 Januarie.

Malan M 2012b. “Groep kry berading ná hul uit Angola verjaag is”, *Rapport* 20 Mei.

Medlin, RC 1975. Rowley’s diary of Op Savannah for period 17-23 November. Ongepubliseerde dagboek. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Medlin 2006a. Brief aan die departement van buitelandse sake, 13 Julie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Medlin R 2006b. Search for the missing plane. E-poskorrespondensie R Medlin–verskeie ontvangers, 25 Julie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Medlin 2006c. Brief aan minister van verdediging, MGP Lekota, 24 September. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Medlin 2007. Brief aan minister van verdediging, MGP Lekota, 13 Maart. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Mulder PWA 2011. Ebo-vier. E-poskorrespondensie P Mulder–GN Opperman, 22 Januarie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Muller, K 2012. Rowley and Ebo four. E-poskorrespondensie K Muller–GN Opperman, 18 Januarie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Muxito L 2012. Statement pertaining to Ebo Project. Persverklaring deur die Angolese verdedigingsattaché na aanleiding van navrae deur mnr. Danie Hefers, SAUK-joernalis. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Nienaber WC 2008. Ebo: vereistes vir uitvoer van oorskot. E-poskorrespondensie WC Nienaber–GN Opperman, 19 Augustus. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Nienaber WC 2009. Ebo-projek: Skedule en permitte. E-poskorrespondensie WC Nienaber–GN Opperman, 16 September. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Nienaber WC 2012. Tempo en harwar met reëlings [RE: Vertaalde weergawe van die Angolese toestemmingsbrief]. E-poskorrespondensie WC Nienaber–GN Opperman, 18 Januarie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Nkoana-Mashabane M 2010. Exhumation and repatriation ceremony of Johnny Makhathini,<http://www.info.gov.za/speeches/2010/10022512551002.htm>, 20 Februarie [Geraadpleeg 17 Julie 2012].

Oelschig M 2009. Ebo-trust. E-poskorrespondensie M Oelschig–GN Opperman, 13 Mei. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Ongepubliseerde verslag deur die voorsitter van die Ebo-trust, 1 Oktober 2008. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2007a. Brief aan die Angolese verdedigingsattaché, lt.-genl. FJ da Rosa, 17 Julie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2007b. Brief aan minister van verdediging, mnr. MGP Lekota, 18 Julie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2008a. Discussion with the Angolan Defence Attaché. E-poskorrespondensie GN Opperman–lede van die Ebo-trust, D Naidoo (buitelandse sake) en M Schalekamp, 29 Januarie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2008b. Ebo-trust: Repatriation of remains of four ex-SADF soldiers from Angola. E-poskorrespondensie GN Opperman–M Fullard NPA, 18 Augustus. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2008c. Terugvoer aan lede van die Ebo-trust en die professionele span, 21 Augustus. Ongepubliseerde verslag deur die voorsitter van die Ebo-trust, 22 Augustus. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2008d. Verslag oor besoek aan Angola, 27-30 September.

Opperman GN 2008e. Ebo-trust. E-poskorrespondensie GN Opperman–lede van die Ebo-trust, professionele span en dept. buitelandse sake, 25 November. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009a. Vordering met die Ebo-trust (fondsinsameling). E-poskorrespondensie GN Opperman–potensiële donateurs, 8 Januarie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009b. Ebo project: progress report. E-poskorrespondensie GN Opperman–amptenare van die dept buitelandse sake, 23 Januarie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009c. Brief aan dr. M Phosa, 7 April. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009d. Brief aan pres. J Zuma, 2 Junie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009e. Brief aan potensiële donateurs, 3 Junie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009f. E-poskorrespondensie GN Opperman–die opgrawingspan, 9 Junie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009g. Foto’s van twee grafstene wat in Angola agtergelaat gaan word. E-poskorrespondensie GN Opperman–die opgrawingspan, 11 Junie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009h. Vorderingsverslag Ebo-projek. E-poskorrespondensie GN Opperman–belanghebbendes, 19 Augustus. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009i. Ebo project: exhuming and repatriation of mortal remains of SA soldiers from Angola. E-poskorrespondensie GN Opperman–D Geldenhuys, 4 September. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009j. RE: Ebo-projek: Skedule en permitte. E-poskorrespondensie GN Opperman–lede van die Ebo-trust, professionele span en dept. internasionale betrekkinge en samewerking, 17 September. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2009k. Ebo-projek. E-poskorrespondensie GN Opperman–lede van die Ebo-trust, professionele span, dept. internasionale betrekkinge en samewerking en groot donateurs, 18 September. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2010a. Brief aan pres. J Zuma, 8 Januarie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2010b. Ebo project: exhumation and repatriation of mortal remains of four South Africans from Angola. E-poskorrespondensie GN Opperman–lede van die Ebo-trust, professionele span en naasbestaandes, 17 Maart. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2010c. Verwikkelinge rakende Ebo-trust: uitgebreide weergawe. E-poskorrespondensie GN Opperman–verskeie belanghebbendes, 9 September. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2010d. Brief aan me. M Nkoana-Mashabane, minister van internasionale betrekkinge en samewerking, 8 November. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2011a. Brief aan brig.-genl. L Muxito, militêre attaché van Angola, 24 Januarie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2011b. Ebo-projek: gesprek met brig.-genl. Muxito, verdedigingsattaché van Angola. E-poskorrespondensie GN Opperman–die professionele span en naasbestaandes, 6 Februarie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2011c. Ebo-projek; Repatriasie van vier oud SA Weermaglede se oorskot vanaf Angola. E-poskorrespondensie GN Opperman–Z Istain, 21 Februarie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2011d. Ebo-projek: deurbraak...? E-poskorrespondensie GN Opperman–verskeie belanghebbendes, 31 Maart. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012a. Vertaling van skrywe in Portugees na Engels. E-poskorrespondensie GN Opperman–A de Witt, 16 Januarie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012b. RE: Tempo en harwar met reëlings [RE: Vertaalde weergawe van die Angolese toestemmingsbrief]. E-poskorrespondensie GN Opperman–WC Nienaber, 18 Januarie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012c. Ebo vier kom uiteindelik huistoe... E-poskorrespondensie GN Opperman–verskeie belanghebbendes, 18 Januarie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012d. Bevestigende notas van die vergadering van die belangegroep van die Ebo-projek, 23 Januarie. Ongepubliseerde notule. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012e. Ebo-trust: Feedback on visit to Angola, 6-10 February 2012. E-poskorrespondensie GN Opperman–amptenare van die departement internasionale betrekkinge en samewerking en die Angolese ambassade, 13 Februarie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012f. Brief aan S do Prado, 20 Februarie. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman, GN 2012g. Request for urgent interview with HE the Ambassador of the Republic of Angola. E-poskorrespondensie GN Opperman–G Fernandes, 16 April. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012h. Angola: Ebo Trust: covering letter to obtain import permit for remains of Ebo 4. E-poskorrespondensie GN Opperman–verskeie belanghebbendes, 1 Mei. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012i. Ebo feedback. E-poskorrespondensie GN Opperman–verskeie belanghebbendes, 24 Mei. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012j. Feedback on the events that led to the suspension of the efforts to exhume and repatriate the mortal remains of the Ebo Four over the period 5–15 May. Ongepubliseerde verslag. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Opperman GN 2012k. FW: Angola: Ebo Project: Letters of confirmation required by the University of Pretoria. E-poskorrespondensie GN Opperman–verskeie belanghebbendes, 30 Mei. Dokumenteleêr van die Ebo-trust.

Perold SP 1979. Beëdigde verklaring in die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Transvaalse Provinsiale Afdeling) in die aansoek van die minister van verdediging re: Vermoede van dood van Eric Bryan Thompson. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Pohamba H 2011. Statement by his excellency Dr. Hifikepunye Pohamba, President of the Republic of Namibia on the occasion of receiving human remains (mortal remains) of Namibian origin repatriated from Germany. Windhoek: Republic of Namibia.

Quebbemann R 2011. *Daily News*, Vrydag 9 Desember, <http://www.archiver.rootsweb.ancestry.com/th/read/BUITENPOSTEN/201112/1323773205>, [Geraadpleeg 16 Oktober 2012].

Rademeyer A 2012. "Die Ebo-4 rus. Hulle sal voortleef in ons gedagtes", *Beeld*, 9 Julie.

Renshaw L 2011. *Exhuming loss. Memory, materiality and mass graves of the Spanish Civil War*. Walnut Creek, CA: Left Coast Press.

SADFGROUP 2011. 9F Rowley Medlin passed away, <http://www/sadfgroup.org/2011/9f-rowley-medlin-passed-away/>, [Geraadpleeg 16 Oktober 2012].

Sasman C 2011. "Skulls received by Government", *Namibian*, 6 Oktober, <http://www.namibia.com.na/index.php?id=28&tx_ttnews%Btt_news%5D=88260&no_cache=1>, [Geraadpleeg 18 Julie 2012].

Schalkwyk P J 1979. Beëdigde verklaring. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Spies FJ duT 1989. *Operasie Savannah. Angola 1975-1976*. Pretoria: SA Weermag (direktoraat openbare betrekkinge).

Steyn M 2009. Ebo-projek: Skedule en permitte. E-poskorrespondensie M Steyn–GN Opperman, 17 September. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Steyn M, Nienaber WC, Meiring JH 2007. Projekvoorstel: Opgrawing en identifikasie van die oorskot van vier voormalige SAW-soldate in twee vermeende grafte naby Ebo in Angola en repatriasie van die oorskot na Suid-Afrika, 30 Oktober. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Steyn M, Nienaber WC, Boshoff WS 2012. Preliminary excavation report: Ebo Four repatriation project. Ongepubliseerde verslag.

TAP News Agency 2012. Ceremony in Beirut to repatriate mortal remains of martyr Omran Ben Kilani Mokaddemi, <http://www.tap.info.tn/en/en/politics/12930-ceremony-in-beirut-to-repatriate-mortal-remains-of-martyr-omran-ben-kilani-mokaddemi.htm>, l6 April [Geraadpleeg 18 Julie 2012].

TAP News Agency 2012. Repatriation of mortal remains of martyr Omrane Ben Kilani Mokaddemi after a 24-year deadlock,<http://www.tap.info.tn/en/en/politics/13004-repatriation-of-mortal-remains-of-martyr-omrane-ben-kilani-mokaddemi-after-a-24-year-deadlock.html>, 9 April [Geraadpleeg 18 Julie 2012].

Van Heerden HM 2012. Angola: Ebo Trust: Answers/deliverables requested by General Opperman. E-poskorrespondensie HM van Heerden–GN Opperman, 3 Februarie. Dokumentelêer van die Ebo-trust.

Van Zyl H 2006. Visit to Ebo, Tuesday, 11 July. Ongepubliseerde verslag. Dokumentelêer van die Ebo-trust.